



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

VOL. 424

CAPE TOWN, 31 OCTOBER 2000

No. 21705

KAAPSTAD, 31 OKTOBER 2000

THE PRESIDENCY

DIE PRESIDENSIE

No. 1104.

31 October 2000

No. 1104.

31 Oktober 2000

It is hereby notified that the President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 41 of 2000: Transnet Pension Fund Amendment Act, 2000.

No. 41 van 2000: Wysigingswet op die Transnet-pensioenfonds, 2000.

WYSIGINGSWET OP DIE TRANSNET-PENSIOENFONDS, Wet No. 41, 2000
2000

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

- [] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.
- _____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

(Engelse teks deur die President geteken.)
(Goedgekeur op 27 Oktober 2000.)

WET

Tot wysiging van die Transnet-pensioenfondswet, 1990, ten einde 'n woordomskrywing in te voeg; dit moontlik te maak dat reëls gemaak kan word op die voorwaardes waaronder lede afstand kan doen van hulle regte, en bates gelykstaande aan daardie regte kan oordra van die Fonds na die pensioenfonds deur die werkgewer gestig; voorsiening te maak vir die waarborg van die finansiële verpligtinge van die Tweede Fonds deur die werkgewer; die Tweede Fonds in staat te stel om geld wat aan Transmed verskuldig is van die gepensioeneerde te verhaal; die verpligtings van die werkgewer en die Staat ten opsigte van die nuwe Fonds en die Pensioenfonds te ag verpligtings te wees van die Transnet-pensioenfonds en die Transnet Tweede Vastevoordeelfonds in verhoudings deur die Staatsaktuaris bepaal; 'n fout reg te stel; voorsiening te maak vir die bevoegdheid van die werkgewer om 'n pensioenfonds te stig; voorsiening te maak vir die stigting van die Transnet Tweede Vastevoordeelfonds, en gepensioeneerdes vanaf die Transnet-pensioenfonds na die Transnet Tweede Vastevoordeelfonds oor te plaas; voorsiening te maak vir die Statute van die Transnet Tweede Vastevoordeelfonds; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 62 van 1990, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 52 van 1991

- 5 1. Artikel 1 van die Transnet-pensioenfondswet, 1990 (hierna die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur die volgende omskrywing na die omskrywing van "Statute" in te voeg:
- "'Tweede Fonds' die Transnet Tweede Vastevoordeelfonds ingevolge artikel 14B(1) gestig.".

10 Wysiging van artikel 5 van Wet 62 van 1990

2. Artikel 5 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

- "(1) Die beheer en bestuur van die Fonds, toelating tot en beëindiging van lidmaatskap, die bedrag en aard van bydraes deur lede en bydraes en ander betalings deur die werkgewer, die voordele wat lede en ander voordeeltrekkers toekom, die voorwaardes waaronder lede kan kies om hulle regte te laat seeder, en bates gelykstaande aan sodanige regte oorgedra word van die Fonds na 'n pensioenfonds ingevolge artikel 14A(2) deur die Minister gestig, en die wyse waarop die Statute gewysig kan word, word deur die Statute van die Fonds bepaal."

Amendment of section 6 of Act 62 of 1990

3. Section 6 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

“(5) The employer shall guarantee the financial obligations of the Fund and the Second Fund.”.

5

Amendment of section 11 of Act 62 of 1990

4. The following section is hereby substituted for section 11 of the principal Act:

“Recovery of amounts in respect of medical scheme

11. The Fund [is] and the Second Fund are hereby empowered to recover money due by a pensioner to Transmed (the medical scheme referred to in section 10(2) of the Legal Succession to the South African Transport Services Act, 1989) in terms of the Transmed Rules and to pay such money to Transmed.”.

10

Amendment of section 12 of Act 62 of 1990

5. The following section is hereby substituted for section 12 of the principal Act: 15

“Guarantee

12. The obligations of the Company and the State in respect of the New Fund and the Pension Fund in terms of section 3(2) and section 16 of the Legal Succession to the South African Transport Services Act, 1989, shall be deemed to be obligations towards the Fund and the Second Fund in such proportions as determined by the State Actuary in consultation with the actuary appointed by the Fund and the actuary appointed by the Company.”.

20

Amendment of section 14 of Act 62 of 1990, as substituted by section 41 of Act 52 of 1991

25

6. Section 14 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (3) for paragraph (b) of the following paragraph:

“(b) any company formed in terms of section 32 of [this Act] the Legal Succession to the South African Transport Services Act, 1989.”.

Insertion of sections 14A and 14B in Act 62 of 1990

30

7. The following sections are hereby inserted after section 14 of the principal Act:

“Powers of Company to establish pension fund

14A. (1) In this section, “pension fund” means the pension fund contemplated in subsection (2).

(2) Notwithstanding the establishment of the Transnet Pension Fund in terms of section 2(1), the Company may, subject to the approval of the Minister, acting with the concurrence of the Minister of Finance, by notice in the *Gazette* establish a pension fund.

35

(3) The pension fund shall be vested with legal personality and shall be capable of owning assets, incurring liabilities, suing or being sued in its own name and of doing all such things as may be necessary for or incidental to the exercise of its powers or the performance of its functions in terms of its particular rules.

40

(4) The control and management of the pension fund, admission to and termination of membership, the amount and nature of contributions by

45

WYSIGINGSWET OP DIE TRANSNET-PENSIOENFONDS, Wet No. 41, 2000
2000**Wysiging van artikel 6 van Wet 62 van 1990**

3. Artikel 6 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

5 “(5) Die werkgewer waarborg die finansiële verpligtings van die Fonds en die Tweede Fonds.”.

Wysiging van artikel 11 van Wet 62 van 1990

4. Artikel 11 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Verhaal van bedrae ten opsigte van mediese skema

10 11. Die Fonds en die Tweede Fonds word hierby gemagtig om geld verskuldig deur ’n gepensioeneerde aan Transmed (die mediese skema bedoel in artikel 10(2) van die Wet op Regsopvolging van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, 1989) ingevolge die Reëls van Transmed te verhaal, en aan Transmed te betaal.”.

Wysiging van artikel 12 van Wet 62 van 1990

15 5. Artikel 12 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Waarborg

20 12. Die Maatskappy en die Staat se verpligtings ingevolge die bepalings van onderskeidelik artikel 3(2) en artikel 16 van die Wet op die Regsopvolging van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, 1989, ten opsigte van die Nuwe Fonds en die Pensioenfonds, word as verpligtings teenoor die Fonds [beskou] en die Tweede Fonds beskou in die verhoudings wat bepaal word deur die Staatsaktuaris in oorleg met die aktuaris aangestel deur die Fonds en die aktuaris aangestel deur die Maatskappy.”.

Wysiging van artikel 14 van Wet 62 van 1990, soos vervang deur artikel 41 van Wet 52 van 1991

6. Artikel 14 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (b) van subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(b) ’n maatskappy opgerig ingevolge artikel 32 van [hierdie Wet] die Wet op Regsopvolging van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, 1989;”.

30 Invoeging van artikels 14A en 14B in Wet 62 van 1990

7. Die volgende artikels word hierby na artikel 14 van die Hoofwet ingevoeg:

“Bevoegdhede van Maatskappy om pensioenfonds te stig

35 14A. (1) In hierdie artikel beteken “pensioenfonds” die pensioenfonds beoog in subartikel (2).

(2) Ondanks die stigting van die Transnet-pensioenfonds ingevolge artikel 2(1), kan die Maatskappy, behoudens die goedkeuring van die Minister, wat met instemming van die Minister van Finansies optree, by kennisgewing in die *Staatskoerant* ’n pensioenfonds stig.

40 (3) Die pensioenfonds word met regspersoonlikheid beklee en is bevoeg om bates te besit, aanspreeklikheid op te loop, in sy eie naam as eiser of verweerder in regte op te tree en om alles te doen wat vir die uitoefening van sy bevoegdhede of die verrigting van sy werksaamhede ingevolge sy bepaalde statute nodig is of daarmee in verband staan.

45 (4) Die beheer en bestuur van die pensioenfonds, toelating tot en beëindiging van lidmaatskap, die bedrag en aard van bydraes deur lede en

members and contributions and other payments by the employer and the benefits due to pensioners and beneficiaries as well as the manner in which the rules of such pension fund may be amended, shall be governed by the particular rules of such pension fund.

(5) The rules of the pension fund shall, subject to the approval by the Minister, acting with the concurrence of the Minister of Finance, be published in the *Gazette* and shall come into operation on the date of such publication.

(6) The rules of the pension fund, as amended from time to time, shall bind the employer, members, pensioners and beneficiaries of such pension fund.

(7) The pension fund is deemed to be a pension fund as defined in paragraph (a) of the definition of "pension fund" in section 1 of the Income Tax Act, 1962 (Act No. 58 of 1962).

(8) All the provisions of this Act, except section 12, apply with the changes required by the context to the pension fund.

Establishment of Second Fund

14B. (1) The Transnet Second Defined Benefit Fund is hereby established.

(2) Pensioner members of the Fund are hereby transferred from the Fund to the Second Fund.

(3) All the assets, liabilities, rights and obligations pertaining to the members referred to in subsection (2), as determined by the State Actuary in consultation with an actuary appointed by the Fund and an actuary appointed by the Company, shall vest in and devolve upon the Second Fund without any formal transfer or cession with effect from the date of publication of such determination in the *Gazette* by the Minister.

(4) The Second Fund shall be vested with legal personality and shall be capable of suing or being sued in its own name and of doing all such things as may be necessary for or incidental to the exercise of its powers or the performance of its functions in terms of its rules.

(5) The control and management of the Second Fund, the benefits due to pensioners and the beneficiaries shall be governed by the rules of the Transnet Second Defined Benefit Fund set out in the Schedule to this Act.

(6) The rules set out in the Schedule may be amended by the Minister acting with the concurrence of the Minister of Finance."

Short title and commencement

8. This Act is called the Transnet Pension Fund Amendment Act, 2000, and comes into operation on a date fixed by the President by proclamation in the *Gazette*.

WYSIGINGSWET OP DIE TRANSNET-PENSIOENFONDS, Wet No. 41, 2000
2000

bydraes en ander betalings deur die werkgewer en die voordele verskuldig aan gepensioeneerdes en begunstigdes asook die wyse waarop die statute van so 'n pensioenfonds gewysig kan word, word bepaal deur die betrokke statute van so 'n pensioenfonds.

5 (5) Die statute van die pensioenfonds word, behoudens die goedkeuring deur die Minister, wat met instemming van die Minister van Finansies optree, in die *Staatskoerant* gepubliseer en tree in werking op die datum van sodanige publikasie.

10 (6) Die statute van die pensioenfonds, soos van tyd tot tyd gewysig, bind die werkgewer, lede, gepensioeneerdes en begunstigdes van sodanige pensioenfonds.

(7) Die pensioenfonds word geag 'n pensioenfonds te wees soos omskryf in paragraaf (a) van die omskrywing van "pensioenfonds" in artikel 1 van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No. 58 van 1962).

15 (8) Met die uitsondering van artikel 12, geld al die bepalings van hierdie Wet met betrekking tot die pensioenfonds met die verandering wat deur die konteks vereis word.

Stigting van Tweede Fonds

20 14B. (1) Die Transnet Tweede Vastevoordeelfonds word hierby gestig.

(2) Gepensioeneerde lede van die Fonds word hierby van die Fonds na die Tweede Fonds oorgeplaas.

25 (3) Al die bates, laste, regte en verpligtinge met betrekking tot die lede bedoel in subartikel (2), soos vasgestel deur die Staatsaktuaris in oorleg met 'n aktuaris aangestel deur die Fonds en 'n aktuaris aangestel deur die Maatskappy, berus by en gaan oor op die Tweede Fonds sonder enige formele oordrag of sessie met ingang van die datum van publikasie van sodanige vasstelling in die *Staatskoerant* deur die Minister.

30 (4) Die Tweede Fonds word met regspersoonlikheid beklee en is bevoeg om in sy eie naam as eiser of verweerder in regte op te tree en om alles te doen wat vir die uitoefening van sy bevoegdhede of verrigting van sy werksaamhede ingevolge sy statute nodig is of daarmee in verband staan.

(5) Die beheer en bestuur van die Tweede Fonds en die voordele verskuldig aan gepensioeneerdes en die begunstigdes word beheer deur die statute van die Transnet Tweede Vastevoordeelfonds uiteengesit in die Bylae by hierdie Wet.

35 (6) Die statute uiteengesit in die Bylae kan gewysig word deur die Minister wat met die instemming van die Minister van Finansies optree."

Kort titel en inwerkingtreding

40 8. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Transnet-pensioenfonds, 2000, en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

SCHEDULE

General

1. This fund is established at the commencement date to provide benefits exclusively for pensioners from the Transnet Pension Fund.

Definitions

2. In these Rules, unless the context otherwise indicates—

“actuary” means a fellow of any institute, faculty, society or chapter of actuaries appointed in terms of section 6 of the Act;

“auditor” means an auditor registered under the Public Accountants’ and Auditors’ Act, 1991 (Act No. 80 of 1991), appointed by the Board in terms of rule 9(3);

“Board” means the Board of Trustees referred to in rule 5;

“commencement date” means the commencement date to be published by the Minister by notice in the *Gazette*;

“Company” means Transnet Limited;

“dependant”, in relation to a pensioner, means—

- (i) a spouse of a recognised marriage, provided that such person is not living apart from the pensioner, whether by judicial agreement or otherwise;
- (ii) a child, stepchild, legally adopted child or child born out of wedlock, whose age is not more than 18 years, who is unmarried and who, in the discretion of the Board, was dependent on the pensioner at the time of death of the pensioner;
- (iii) a child contemplated in subparagraph (ii) but who is older than 18 years and younger than 26 years and who is studying full time or is physically or mentally handicapped: Provided that the Board may in a particular case extend the maximum age of 26 years, on condition that the employer agrees to contribute to the Fund such additional amounts as deemed necessary, by the actuary, to make provision for such benefit;
- (iv) a child born after the death of a pensioner who would have been regarded as a child in terms of subparagraph (ii); or
- (v) a person, who in the opinion of the Board, was in fact dependent upon the pensioner for maintenance;

“employer” means an employer as defined in section 1 of the Act, read with section 14 thereof;

“interest” means interest compounded monthly;

“Managing Director” means the Managing Director of the Company or the Managing Director’s delegate;

“meeting” includes an adjourned meeting;

“Minister” means the Minister of Public Enterprises;

“pensioner” means a pensioner member transferred from the Transnet Pension Fund in terms of section 14B of the Act and shall include a widow or widower or dependant pensioner member;

“Registrar” means the Registrar of Pension Funds appointed under the Pension Funds Act, 1956 (Act No. 24 of 1956);

“recognised marriage” means a lawful marriage or a customary marriage or a marriage by religious rites, or a cohabitation or any other union between a pensioner and another person which is deemed by the Board to be a recognised marriage: Provided that the Board may include a person from a recognised marriage which has been dissolved where the other person is still financially dependent on the pensioner;

“the Act” means the Transnet Pension Fund Act, 1990 (Act No. 62 of 1990);

“Transnet Pension Fund” means the Fund established in terms of section 2 of the Act.

Fund: Object, Membership, Contributions and Transfers

3. (1) The Fund to which these Rules apply, is the Transnet Second Defined Benefit Fund established by section 14B of the Act.

(2) In terms of section 14B(4) of the Act, the Fund is vested with legal personality and is capable of suing or being sued in its own name and of doing all such things as may be

WYSIGINGSWET OP DIE TRANSNET-PENSIOENFONDS, **Wet No. 41, 2000**
2000**BYLAE****Algemeen**

1. Hierdie fonds word gestig op die datum van inwerkingtreding om voordele te voorsien uitsluitlik vir gepensioeneerdes vanuit die Transnet-pensioenfondse.

Woordomskrywing

2. In hierdie statute, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken—

“afhanklike”, met betrekking tot ’n gepensioeneerde—

- (i) ’n gade van ’n erkende huwelik, mits so ’n persoon nie weg van die gepensioeneerde woon nie, hetsy deur geregtelike ooreenkomst of andersins;
- (ii) ’n kind, stiefkind, wettig aangenome kind of buite-egtelike kind wie se ouderdom 18 jaar of jonger is, wat ongetroud is, en wat, volgens die oordeel van die Raad, afhanklik was van die gepensioeneerde ten tyde van die dood van die gepensioeneerde;
- (iii) ’n kind beoog in subparagraaf (ii) hierbo maar wat ouer as 18 jaar en jonger as 26 jaar is en wat voltydse studeer of liggaamlik of geestelik gestrem is: Met dien verstande dat die Raad in ’n besondere geval die maksimum ouderdom van 26 kan verleng, op voorwaarde dat die werkgewer akkoord gaan om die bykomende bedrae wat deur die aktuaris nodig geag word tot die Fonds by te dra om voorsiening te maak vir sodanige voordeel;
- (iv) ’n kind gebore na die dood van ’n gepensioeneerde wat as ’n kind beskou sou word ingevolge subparagraaf (ii); of
- (v) ’n persoon wat, na die mening van die Raad, inderdaad afhanklik was van die gepensioeneerde vir onderhoud;

“aktuaris” ’n genoot van enige instituut, fakulteit, genootskap of vereniging van aktuarisse wat ingevolge artikel 6 van die Wet aangestel is;

“Besturende Direkteur” die Besturende Direkteur van die Maatskappy of die Besturende Direkteur se gedelegeerde;

“datum van inwerkingtreding” die datum van inwerkingtreding wat die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* publiseer;

“die Wet” die Transnet-pensioenfondswet, 1990 (Wet No. 62 van 1990);

“erkende huwelik” ’n wettige huwelik of ’n gebruikelike huweliksverbintenis of ’n huwelik volgens godsdienstige ritus, of ’n saamwoning of ’n ander verbintenis tussen ’n gepensioeneerde en ’n ander persoon wat deur die Raad as ’n erkende huwelik geag word: Met dien verstande dat die Raad ’n persoon kan insluit van ’n erkende huwelik wat ontbind het waar die ander persoon nog finansiële van die gepensioeneerde afhanklik is;

“gepensioeneerde” ’n gepensioeneerde lid oorgeplaas van die Transnet-pensioenfondse ingevolge artikel 14B van die Wet en ook ’n weduwee of ’n wewenaar of ’n afhanklike gepensioeneerde lid;

“Maatskappy” Transnet Beperk;

“Minister” die Minister van Openbare Ondernemings;

“ouditeur” ’n ouditeur wat kragtens die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1991 (Wet No. 80 van 1991), geregistreer is en kragtens statuut 9(3) deur die Raad aangestel is;

“Raad” die Raad van Trusteese bedoel in statuut 5;

“Registrateur” die Registrateur van Pensioenfondse aangestel kragtens die Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet No. 24 van 1956);

“rente” die rente wat maandeliks saamgestel word;

“Transnet-pensioenfondse” die Fonds gestig ingevolge artikel 2 van die Wet;

“vergadering” ook ’n verdaagde vergadering;

“werkgewer” ’n werkgewer soos omskryf in artikel 1 van die Wet, saamgelees met artikel 14 daarvan.

Die Fonds: Doel, Lidmaatskap, Bydraes en Oordragte

3. (1) Die Fonds waarop hierdie statute van toepassing is, is die Transnet Tweede Vastevoordeelfonds gestig by artikel 14B van die Wet.

(2) Ingevolge artikel 14B(4) van die Wet word die Fonds met regs persoonlikheid bekleed en is dit bevoeg om in eie naam as eiser of verweerder in regte op te tree en om

necessary for or incidental to the exercise of its powers or the performance of its functions in terms of the rules.

(3) The object of these rules shall be to maintain and regulate a fund, from which benefits to pensioners, or their dependants shall be paid, and for whose benefit this fund is established.

(4) Membership shall commence from the date of transfer of a pensioner from the Transnet Pension Fund in terms of section 14B of the Act.

(5) No pensioner shall contribute to this fund: Provided that the employer, if the Trustees deem this necessary after consultation with the actuary, shall contribute to the Fund.

(6) The Trustees of the fund shall have the power to receive transfer values of pensioners from the Transnet Pension Fund.

Registered Office

4. The registered office of the Fund shall be at 222 Smit Street, Braamfontein, Johannesburg or such other address as the Trustees may decide, notification of which must be given to the Minister.

Board of Trustees

5. (1) The Board of Trustees shall comprise six Trustees and their alternates appointed by the employer, of which two trustees and their alternates shall be nominated from amongst pensioners.

(2) The Board of Trustees shall control the Fund.

(3) The Managing Director shall appoint a Chairperson for the Board.

(4) Subject to there being sufficient members to form a quorum as laid down in rule 7(5), the Board shall be entitled to function notwithstanding the existence of any vacancy.

(5) The duty of the Chairperson, members and alternates towards the Fund shall be of a fiduciary nature and they shall, when acting in such capacities, act only in the interests of the Fund, its pensioners and other beneficiaries, to the exclusion of all other considerations or objectives.

(6) The Trustees shall conduct themselves, at meetings of the Board, in a responsible manner that is in harmony with their status as Trustees. Should a Trustee act in breach of this requirement, the Board may, by a majority vote of at least two thirds of Trustees present at the meeting at which such breach occurs, require the person concerned to leave the meeting or take such other decision or action as may, in the circumstances, be necessary.

Disqualification and tenure of office of Board members

6. (1) Any of the following persons shall be disqualified from being appointed or acting as the Chairperson or a member of the Board:

- (a) a body corporate or a minor or any person who is insane or any other person otherwise incapable of acting as a Trustee;
- (b) an unrehabilitated insolvent;
- (c) any person convicted of theft, fraud, perjury, an offence under the Corruption Act, 1992 (Act No. 94 of 1992), or any other offence involving dishonesty;
- (d) any person sentenced to imprisonment without the option of a fine;
- (e) any person removed by a competent court from any office of trust on account of misconduct.

(2) The Chairperson or a Trustee of the Board shall cease to hold office upon—

- (a) resignation from the Board;
- (b) disqualification in terms of subrule (1); or
- (c) termination of appointment by the Managing Director.

Meetings of Board of Trustees

7. (1) The Board shall meet at least every quarter and at such other times as the Board may decide.

WYSIGINGSWET OP DIE TRANSNET-PENSIOENFONDS, **Wet No. 41, 2000**
2000

alles te doen wat vir die uitoefening van sy bevoegdheid of die verrigting van sy werksaamhede ingevolge die statute nodig is of daarmee in verband staan.

(3) Die doel van hierdie statute is om 'n fonds te handhaaf en reguleer waaruit voordele aan gepensioeneerdes of hulle afhanklikes betaal moet word, en vir wie se voordeel hierdie fonds gestig word.

(4) Lidmaatskap begin vanaf die datum van oorpasing van 'n gepensioeneerde vanaf die Transnet-pensioenfonds ingevolge artikel 14B van die Wet.

(5) Geen gepensioeneerde dra tot die fonds by nie: Met dien verstande dat die werkgewer, indien die Trustees dit nodig ag na oorleg met die aktuaris, tot die Fonds moet bydra.

(6) Die Trustees van die fonds beskik oor die bevoegdheid om oordragwaardes van gepensioeneerdes van die Transnet-pensioenfonds te ontvang.

Geregistreerde kantoor

4. Die geregistreerde kantoor van die Fonds is te Smitstraat 222, Braamfontein, Johannesburg of 'n ander adres soos deur die Trustees besluit waarvan skriftelike kennis aan die Minister gegee moet word.

Raad van Trustees

5. (1) Die Raad van Trustees bestaan uit ses Trustees en hul plaasvervangers aangestel deur die werkgewer, van wie twee trustees en hul plaasvervangers vanuit gepensioeneerdes aangestel moet word.

(2) Die Raad van Trustees beheer die Fonds.

(3) Die Besturende Direkteur stel 'n Voorsitter vir die Raad aan.

(4) Onderhewig daaraan dat daar genoeg lede is om 'n kworum te vorm soos in statuut 7(5) voorgeskryf, is die Raad geregtig om ondanks die bestaan van enige vakature te funksioneer.

(5) Die plig van die Voorsitter, lede en plaasvervangers teenoor die Fonds is fidusiër van aard en hulle moet, wanneer hulle in sodanige hoedanighede optree, slegs die belange van die Fonds, gepensioeneerdes en ander begunstigdes, sonder inagneming van alle ander oorwegings of doelstellings, nastreef.

(6) Die Trustees moet hulle by vergaderings van die Raad op 'n verantwoordelike wyse gedra, in ooreenstemming met hulle status as Trustees. Indien 'n Trustee hom of haar skuldig maak aan 'n verbreking van hierdie vereiste, kan die Raad, met 'n meerderheidstem van minstens twee derdes van Trustees teenwoordig by die vergadering waar sodanige verbreking plaasvind, vereis dat die betrokke persoon die vergadering verlaat of die ander besluit neem of stappe doen wat in die omstandighede nodig is.

Onbevoegdheid en ampstermyn van Raadslede

6. (1) Enige van die volgende persone is onbevoeg om aangestel te word of om op te tree as die Voorsitter of 'n lid van die Raad:

(a) 'n regs persoon of 'n minderjarige of enige persoon wat kranksinnig of andersins onbevoeg is om as Trustee op te tree;

(b) 'n ongerehabiliteerde insolvent;

(c) enige persoon wat skuldig bevind is aan diefstal, bedrog, meened, 'n misdryf kragtens die Wet op Korrupsie, 1992 (Wet No. 94 van 1992), of enige ander misdryf waarby oneerlikheid betrokke is;

(d) enige persoon wat tot gevangenisstraf, sonder die keuse van 'n boete, gevonnis is;

(e) enige persoon wat op grond van wangedrag deur 'n bevoegde hof uit 'n vertrouensamp verwyder is.

(2) Die Voorsitter of 'n Trustee van die Raad hou op om sodanige amp te beklee—

(a) by bedanking uit die Raad;

(b) indien hy of sy onbevoeg raak ingevolge subparagraaf (1); of

(c) by beëindiging van die aanstelling deur die Besturende Direkteur.

Vergaderings van Raad van Trustees

7. (1) Die Raad vergader minstens elke kwartaal en op die ander tye wat die Raad besluit.

Act No. 41, 2000 TRANSNET PENSION FUND AMENDMENT ACT, 2000

(2) The Board shall at the last meeting of every year determine the dates for the quarterly meetings to be held in the forthcoming year.

(3) A special meeting shall be called at any time on the instruction of the Chairperson or at the written request of any three members of the Board.

(4) The Chairperson, when unable to attend any meeting, shall appoint an Acting Chairperson for that meeting, or failing such appointment, the Board of Trustees shall appoint an Acting Chairperson.

(5) The majority of the members of the Board shall constitute a quorum for a meeting of the Board.

(6) A decision by a majority of the members of the Board present at a meeting of the Board shall constitute a decision of the Board.

(7) Decisions of the Board shall be taken by a show of hands or, if so required by any member of the Board present at the meeting, by ballot.

(8) The Chairperson shall not have a deliberative vote.

(9) The Chairperson shall have a casting vote, which may be exercised in the event of an equality of votes.

(10) If there is no quorum at a meeting of the Board within thirty (30) minutes after the time fixed for its commencement, the meeting shall adjourn for a period of not less than a week.

(11) At such adjourned meeting the members present shall form a quorum.

Minutes

8. (1) The Board shall record the minutes of all its meetings.

(2) Such minutes, if signed by any person purporting to be the Chairperson of the meeting to which it relates, shall be regarded as a true record of the proceedings of that meeting.

Powers of Board of Trustees

9. (1) The Board may prescribe the manner in which the award of benefits shall be considered by the Fund.

(2) The Board may take any action (including the control of the finances and the administration of the Fund) not specifically provided for in these rules that may be necessary to achieve the objects of the Fund.

(3) The Board shall appoint an auditor for the Fund and the contract effecting the appointment may be terminated by notice duly given by either party.

(4) The Board shall appoint—

(a) an Executive Committee which shall consist of—

- (i) a chairperson appointed by the Board;
- (ii) the manager (Principal officer) of the Fund; and
- (iii) one member of the Board and an alternate member, nominated by the members of the Board; and

(b) an Investment Committee which shall consist of—

- (i) a Chairperson appointed by the Board;
- (ii) a member of the personnel of an employer, engaged in the administration of the Fund and nominated by the Chairperson of the Board; and
- (iii) one member of the Board and an alternate member, nominated by the members of the Board.

Executive Committee

10. The Executive Committee shall—

- (a) settle all disputes in respect of benefits;
- (b) authorise the payment of benefits to a guardian of a minor or to a curator of a person under legal disability; and
- (c) perform any other duties prescribed by the Board.

Investment Committee

11. (1) The Investment Committee shall—

WYSIGINGSWET OP DIE TRANSNET-PENSIOENFONDS, **Wet No. 41, 2000**
2000

(2) By die laaste vergadering van elke jaar bepaal die Raad die datums vir die kwartaalike vergaderings wat die volgende jaar gehou gaan word.

(3) 'n Spesiale vergadering word te eniger tyd belê in opdrag van die Voorsitter of op skriftelike versoek van enige drie lede van die Raad.

(4) Indien die Voorsitter nie 'n vergadering kan bywoon nie, stel die Voorsitter 'n Waarnemende Voorsitter vir daardie vergadering aan, of, by ontstentenis van sodanige aanstelling, stel die Raad van Trustees 'n Waarnemende Voorsitter aan.

(5) Die meerderheid Raadslede maak 'n kworum vir 'n Raadsvergadering uit.

(6) 'n Besluit deur die meerderheid Raadslede wat by 'n vergadering teenwoordig is, maak 'n besluit van die Raad uit.

(7) Besluite van die Raad word geneem deur die opsteek van hande of, indien so verlang deur enige Raadslid wat by die vergadering teenwoordig is, deur stemming per briefie.

(8) Die Voorsitter het nie 'n beraadslagende stem nie.

(9) Die Voorsitter het 'n beslissende stem wat in geval van 'n staking van stemme uitgeoefen kan word.

(10) Indien 'n kworum nie binne dertig (30) minute na die vasgestelde tyd vir die aanvang van 'n Raadsvergadering teenwoordig is nie, verdaag die vergadering vir 'n tydperk van minstens 'n week.

(11) By sodanige verdaagde vergadering maak die lede wat teenwoordig is, 'n kworum uit.

Notule

8. (1) Die Raad laat notules van al sy vergaderings hou.

(2) Sodanige notule, indien onderteken deur enige persoon wat voorgee die Voorsitter van die vergadering waarop dit betrekking het, te wees, is *prima facie*-bewys van die verrigtinge van daardie vergadering.

Bevoegdhede van Raad van Trustees

9. (1) Die Raad kan die wyse voorskryf waarop die toekenning van voordele deur die Fonds oorweeg word.

(2) Die Raad kan enige stappe doen (met inbegrip van die beheer van finansies en die administrasie van die Fonds) waarvoor nie spesifiek in hierdie statute voorsiening gemaak word nie, wat nodig is om die doelstellings van die Fonds te bereik.

(3) Die Raad stel 'n ouditeur vir die Fonds aan en die kontrak waarkragtens sodanige aanstelling gedoen word, kan beëindig word deur behoorlike kennis gegee deur enigeen van die partye.

(4) Die Raad stel die volgende aan:

(a) 'n Uitvoerende Komitee bestaande uit—

- (i) 'n voorsitter aangestel deur die Raad;
- (ii) die Bestuurder (Hoofamptenaar) van die Fonds; en
- (iii) een lid van die Raad, en 'n plaasvervanger, benoem deur die Raadslede;

(b) 'n Beleggingskomitee wat bestaan uit—

- (i) 'n Voorsitter aangestel deur die Raad;
- (ii) 'n personeellid van 'n werkgewer, betrokke by die administrasie van die Fonds en benoem deur die Voorsitter van die Raad; en
- (iii) een lid van die Raad, en 'n plaasvervanger, benoem deur die Raadslede.

Uitvoerende Komitee

10. Die Uitvoerende Komitee—

- (a) besleg alle geskilpunte ten opsigte van voordele;
- (b) magtig die betaling van voordele aan 'n voog van 'n minderjarige of aan 'n kurator van 'n persoon wat nie handelingsbevoeg is nie; en
- (c) verrig enige ander pligte wat deur die Raad voorgeskryf word.

Beleggingskomitee

11. (1) Die Beleggingskomitee—

Act No. 41, 2000 **TRANSNET PENSION FUND AMENDMENT ACT, 2000**

- (a) subject to the requirements stipulated in the Pension Funds Act, 1956 (Act No. 24 of 1956), and the regulations promulgated thereunder in connection with the investment of money, invest or cause to be invested the monies of the Fund not immediately required for current expenses, to the best advantage of the Fund;
 - (b) submit reports on the investments to the Board at such intervals and in such form as the Board may prescribe; and
 - (c) keep complete accounts, records and minutes of all actions taken in the performance of its functions and the exercise of its powers.
- (2) The Investment Committee may, for the purpose of subrule (1), make use of the services of portfolio managers not employed by the Fund or an employer.
- (3) Any security belonging to the Fund and held by the Investment Committee or portfolio managers on its behalf shall be kept in safe custody in the safes or strongrooms at the registered office of the Fund or at any bank or building society approved by the Board or in the safe custody of the portfolio managers appointed in terms of subrule (2).

Manager and Principal Officer

12. (1) The Managing Director shall appoint a member of the personnel of the employer to be the Manager (Principal Officer) of the Fund and may, at any stage, terminate such appointment.

(2) Should the Manager (Principal Officer) be absent from the Republic for more than thirty days or be otherwise unable to fulfil his or her functions, the Managing Director shall appoint another person to act as Manager (Principal Officer) for the period of such absence or inability and shall advise the Board of the appointment.

(3) The Manager (Principal Officer) shall have power—

- (a) to open and operate a banking account in the name of the Fund;
- (b) to receive and administer the money of the Fund required for current expenses;
- (c) with the approval of the Board to borrow money from any source and to obtain an overdraft from a bank or building society;
- (d) to enter into and sign any contract or document on behalf of the Fund;
- (e) to institute or defend any legal proceedings by or against the Fund and to instruct a legal representative with regard to such proceedings;
- (f) to arrange with the Managing Director for the appointment of suitable members of the personnel of an employer to conduct the administration of the Fund;
- (g) to execute decisions of the Investment Committee; and
- (h) to execute decisions of the Executive Committee.

Appointment of Secretary

13. (1) The Managing Director shall appoint a member of the personnel of an employer as the Secretary of the Fund and may, at any stage, terminate any such appointment.

(2) The Manager (Principal Officer) may appoint any person from among those referred to in rule 12(3)(f) to perform the duties of the Secretary, while the Secretary is absent or otherwise not available to perform his or her duties.

Duties of Secretary

14. The Secretary shall—

- (a) keep all documents relating to the business of the Fund in safe custody, except those which are prescribed by law to be kept by any other person;
- (b) submit to the Board all matters and documents received from an employer;
- (c) receive notices of matters to be considered by the Board;
- (d) convene all meetings of the Board, Executive Committee and Investment Committee;

WYSIGINGSWET OP DIE TRANSNET-PENSIOENFONDS, **Wet No. 41, 2000**
2000

- (a) belê of laat belê die gelde van die Fonds wat nie onmiddellik benodig word vir lopende uitgawes nie, behoudens die vereistes bepaal in die Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet No. 24 van 1956), en die regulasies in verband met die belegging van geld wat daarkragtens uitgevaardig is, tot beste voordeel van die Fonds;
- (b) lê verslae oor die beleggings aan die Raad voor met die tussenposes en in die vorm wat die Raad voorskryf; en
- (c) hou volledige rekenings, rekords en notules van alle stappe wat in die verrigting van sy werksaamhede en uitoefening van sy bevoegdheids gedoen is.

(2) Die Beleggingskomitee kan, vir die doeleindes van substatuut (1), gebruik maak van die dienste van portefeuljebestuurders wat nie werknemers van die Fonds of 'n werkgewer is nie.

